*Kantoor van die Staatspresident*
*State President's Office*

*Kabinetsekretariaat*
*Cabinet Secretariat*

**NOTULE**
**MINUTES**

**VERGADERING VAN DIE AG-WERKGROEP**
**OP 19 EN 20 MAART 1987, KAAPSTAD**

**Teenwoordig**

| | |
|---|---|
| Adv L A Pienaar | - Administrateur-generaal van SWA (Voorsitter) |
| Dr J P Roux | - Sekretaris-generaal: Kantoor van die Staatspresident |
| Lt-genl J P B van Loggerenberg | - S A Weermag |
| Genl-maj W C Meyer | - Verteenwoordiger van HSAW in SWA |
| Mnr M A Barnard | - Nasionale Intelligensiediens |
| Brig H J Olivier | - S A Polisie (Veiligheidstak) |
| Brig A W T Cook | - Gesamentlike Inligtingsvertolking, SWA |
| Kol R P G Kotzenberg | - S A Weermag (Militêre Inligting) |
| Mnr A Jaquet | - Departement van Buitelandse Sake (SWA-lessenaar) |
| Mnr E Blumer | - Departement van Buitelandse Sake (Kantoor van die AG) |

Kopie Nr. / Copy No. 11 van / of 13 kopieë / copies

AG-Werkgroep 19 en 20 Maart 1987

Op uitnodiging

Kmdoor T J Honiball - Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad

Mnr P S Cilliers - Nasionale Intelligensiediens

Verskonings

Genl-maj A Potgieter - Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad

Mnr J P Boshoff - Nasionale Intelligensiediens

Sekretariaat

Mnr S P Pretorius - Kantoor van die Staatspresident

1. Verwelkoming

Die Voorsitter verwelkom al die lede wat teenwoordig is, en in die besonder vir kdoor Honiball en mnr Cilliers.

2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering

Die notule van die vergadering gehou op 19 Februarie 1987 word goedgekeur, onderhewig aan die regstelling van enkele tikfoute, en die skrapping by paragraaf 4.1.1.2 op bladsy 7 van die woorde "lang en".

3. Sake voortspruitend uit die notule

3.1 Paragraaf 4.5, bladsy 11: Identifisering van jong leiers in Owambo

Die Voorsitter verskaf sekere aanvullende besonderhede tot die naamlys van die Etangoraad, sodat die meer volledige lys soos volg daar uitsien:

Kaptein Andreas Josef (Ondangwa: stamkaptein) (Voorsitter)
Senior hoofman Abner Nulle (Kwambi-stam) (Ondervoorsitter)
Martin Erastus (Kwanyama-stam) (Sekretaris)
Gabriel Kautima (Uukwanyama-stam)
Simon Nakale (Uukolonkhadi-stam)
Nauyele Munyele (Ombalantu-stam)
Helena Martin (Verteenwoordiger van die verpleegsters)
Andreas Shalie (Ongandjera-stam)
Ds Leonard Shemvulula (Verteenwoordiger van die kerke)
Chapa Namutewa (SWAUK) (Vanaf 1 April 1987)
Sers Viliho Ndilemondwi (SWAPOL-TIN)
A/O Israel Shikondjo (101 Bataljon)
Albertina Kweenda (Verteenwoordiger van vroue)

Volgens sekere bronne is sersant Ndilemondwi die persoon met die beste leierspotensiaal op hierdie lys.

3.2 **Paragraaf 4.1.2, bladsy 7: Bilaterale Kabinetskomitee oor Buitelandse Sake en Verdediging**

Mnr Jaquet **meld** dat die datum en plek van bogenoemde vergadering sal afhang van die datum en plek waarop die volgende ontmoeting tussen die Staatspresident en die Kabinet van die ORNE sal plaasvind.

3.3 **Paragraaf 8, bladsy 14: Kommunikasie tussen SATEKG en SWATEKG**

Mnr Blumer **meld** dat SWATEKG hierdie aangeleentheid by sy volgende vergadering op 5 Junie 1987 sal bespreek, waarna terugvoering aan hierdie Werkgroep gegee sal word.

4. Strategie-riglyne ten opsigte van Suidwes-Afrika

4.1 Die vergadering **bespreek** die strategie-dokument wat sedert die vorige vergadering aangepas is deur 'n werkkomitee wat in Windhoek onder voorsitterskap van advokaat Pienaar vergader het. Verdere aanpassings word voorgestel en deur kmdoor Honiball aangeteken.

4.2 Kmdoor Honiball **deel die vergadering mee** dat die dokument nou na die vier hoof interdepartementele komitees verwys sal word vir kommentaar. Die strategie-riglyne wat op 6 Mei aan die Werkkomitee van die SVR voorgelê sal word, sal egter eers finaal op 23 April 1987 deur die AG-Werkgroep uitgeklaar word, nadat die Tak Nasionale Vertolking van die SSVR die inligtings-insette uitgeklaar het.

4.3 Die Voorsitter **meld** dat 'n uitvoeringsdokument met 'n omskrywing van take wat uit die doelstellings in die Strategie-riglyne voortvloei, reeds in wording is. Die werkkomitee sal weer op 7 en 8 April 1987 in Windhoek byeenkom om volledige beslag aan dié dokument te gee, waarna dit by die Werkgroep se volgende vergadering voorgelê sal word. Lede word dus versoek om geen reëlings vir die aand van 23 April 1987 te tref nie, aangesien die vergadering lank mag aanhou.

4.4 Die vergadering **neem kennis** dat die Veiligheidsraad van die ORNE ook aandag gee aan die formulering van 'n strategie.

5. Voorligting oor die militêre situasie

5.1 Ten opsigte van die stryd teen PLAN **deel** genl-maj Meyer die vergadering soos volg **mee**:

5.1.1 Die meeste probleme word in Wes-Owambo verwag as gevolg van PLAN se mannekrag-konsentrasie (360) ten noorde van Wes-Owambo, en die bevolking se gesindheid teenoor PLAN. Daar is ongeveer 30 PLAN-terroriste binne Wes-Owambo.

5.1.2 In die sentrale deel van Owambo het PLAN sy offensief reeds teen einde Januarie van stapel laat loop. Plan het egter kwaai verliese gely. Ondangwa is tans die belangrikste teiken. Daar is na beraming 140 PLAN-terroriste ten noorde van, en net minder as 30 in dié gebied.

5.1.3 In Oos-Owambo het PLAN 'n nuwe bevelvoerder, wat waarskynlik die verklaring is vir die verskerpte aanslag wat in die gebied ondervind word. Daar is tans ongeveer 160 PLAN-terroriste ten noorde van, en 70 binne-in dié gebied.

5.1.4 Die totale aantal PLAN-terroriste wat sedert 1 Januarie 1987 gesneuwel het, is 325.

5.1.5 Vier groepe van die Typhoon-mag het in die afgelope week aktief geraak. Een groep van ongeveer 40 het 'n wegstaanbestoking op Enana onderneem, met 'n redelike mate van sukses. Sy opdrag was om sy taak te voltooi en weer oor die grens uit te beweeg. 'n Aantal van dié groep is egter reeds gedood.

5.1.6 'n Ander groep het 'n lokval gelê, maar ongeveer 16 van hulle is ook gedood.

5.1.7 'n Derde groep beweeg suid en dra heelwat plofstof saam, moontlik om deur te sypel na die boerderygebied en daar sabotasie te pleeg.

5.2 Met betrekking tot die stryd tussen UNITA en FAPLA, deel genl-maj Meyer die vergadering soos volg mee:

5.2.1 UNITA kan steeds nie van sy defensiewe postuur ontslae raak nie.

5.2.2 FAPLA het weer sy eie kommunikasie-operasie begin, naamlik "Ironfist". Volgens inligting slaag hulle tot 'n redelike mate om die bevolking se steun te werf - tot in die hartland van UNITA.

5.2.3 UNITA se voorkeur vir konvensionele oorlogvoering is al hoe meer besig om tot sy nadeel te strek.

5.2.4 Die aanduidings is egter steeds dat die moreel van UNITA se magte hoër is as dié van FAPLA.

6. Die politieke situasie: Internasionaal

6.1 Mnr Jaquet deel die vergadering mee dat:

6.1.1 die VN Veiligheidsraad-sitting oor SWA waarskynlik eers in Mei of Junie 1987 gaan plaasvind. Hy stel 'n aide memoire tot die vergadering se beskikking wat die RSA se amptelike postuur teenoor die VN uiteensit;

6.1.2 mnr Sam Nuyoma in Brazilië as staatshoof ontvang ~~is~~ gaan word. Hy het ook Uruguay besoek, waar sy besoek bykans geen publisiteit geniet het nie;

6.1.3 mnr Dirk Mudge na afloop van die besoek wat hy en mnr Kozonguizi aan die VSA gebring het, aan sy kabinet gesê het dat die ORNE nou deur die VSA as die enigste wettige spreekbuis van die interne partye van SWA beskou word. Volgens mnr Mudge het onderminister Chester Crocker hom so meegedeel. Mnr Crocker het dit op navraag ontken;

6.1.4 mnre Shipanga en Katjiuongua in Londen gesprek gevoer het met mev Linda Chalker, Britse Onderminister belas met Afrika-aangeleenthede. Besonderhede van vertroulike gesprekke met onder andere die Staatspresident is tydens die gesprek deur die twee ministers bekendgemaak. Dit is ook opvallend dat die Windhoekse koerant "The Namibian" oor besonderhede van sulke vertroulike samesprekings beskik;

6.1.5 die Wes-Duitse regerings-koalisie na die onlangse verkiesing nou besig is om 'n beleid ten opsigte van Suidwes-Afrika te formuleer. Mnr Genscher het die Administrateur-generaal se toespraak tydens die opening van die Wetgewende Vergadering voorgehou as bewys dat die Suid-Afrikaanse Regering nie meer veel waarde aan die ORNE heg nie;

6.1.6 die VSA-regering sy beslissing oor die invoer van uraan vanaf die RSA en SWA tot Julie 1987 uitgestel het; en

6.1.7 die regerings van Zambië en Botswana steeds nie reageer op vertoë en navrae wat aan hulle gerig is ten opsigte van die daarstelling van grensposte tussen die twee genoemde lande en Suidwes-Afrika nie.

6.2 Mnr Barnard deel die vergadering na aanleiding van paragraaf 8.2 van die notule van 24 November 1986 mee dat verdere ondersoek geen noemenswaardige faksies binne SWAPO-geledere aan die lig gebring het nie.

7. **Die tekortkominge van VN-Resolusie 435 (1978)**

7.1 Mnr Jaquet **meld** dat die Departement van Buitelandse Sake slegs een tekortkoming in VNVR 435 kan identifiseer, en dit is dat dit nie tans in die RSA se belang is om die Resolusie te implementeer nie.

7.2 Die vergadering **besluit** dat die Departement van Buitelandse Sake versoek word om insette van ander Departemente aan te vra en 'n dokument vir die volgende vergadering voor te berei.

8. **Menseregte in SWA**

Luit-genl Van Loggerenberg lê 'n dokument ter tafel waarin die Amerikaanse "State Department" 'n omskrywing gee van die menseregte-situasie in SWA. Die vergadering **bespreek** die foute en leemtes van die dokument volledig, met die oog daarop dat die Departement van Buitelandse Sake 'n reaksie aan die "State Department" kan voorlê.

Kabinetsdienste
23 Maart 1987
2160K